

OKTOBER 2013

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

# Bulletin

Amtelike nuusbrieff van die Munisipaliteit Overstrand

## AAND VAN UITNEMENDHEID 2013 LIEFDE WORD SIGBAAR

Volgens Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, strek Munisipaliteit Overstrand se Aand van Uitnemendheid veel verder as blote erkenning vir die fantastiese bydraes wat vrywilligers tot ons samelewing maak. Hierdie aand gaan ook daaroor dat die res van ons deur dié wat vir hulle moeite beloon word, geïnspireer word sodat ons hulle voorbeeld sal volg. Kortom, aldus die Burgemeester, gaan dié aand oor die sigbare manifestasie van die liefde wat ons teenoor ons medemens en ons omgewing betoon.

In haar kommentaar oor die kaliber mens wat erkenning vir hulle prestasies tydens vanjaar se seremonie, gehou op Dinsdag, 27 Augustus, in Overstrand se burgersentrum op Hermanus, ontvang het, het Botha-Guthrie opgemerk dat alhoewel die ontvangers oënskynlik 'n lukrake profiel van die samelewing weerspieël, hulle almal die volgende in gemeen het: 'n Absolute oortuiging van hul missie en 'n totale verbintenis tot onwrikbare waardes.

Voorts, in haar terugblik op die aard van die inskrywings wat vir vanjaar se toekennings ontvang is, het die Burgemeester gesê sy is veral deur die volgende getref:

- Ondanks die groot waarde van ons oseane weet ons klaarblyklik baie min van hierdie kosbare hulpbronn en die wesens wat daarin woon: Wat betreurenswaardig is as mens in ag neem dat die eintlike rede waarom mense hulle in die eerste plek hier gevestig het, was om 'n lewe uit die see te maak, en vandag waarskynlik steeds hierheen stroom bloot omdat hulle naby die osean wil wees.

- 'n Gemeenskap wat vir sy bejaardes, kinders en siekes omgee, is kerngesond: In teenstelling met die algemene uitgangspunt dat die rykes na die armes moet omsien, is dit al te dikwels diegene wat self in die



Agter van links: Katja Petersen, Pamela Christine, Tommy Wilson, dr Robin Lee, Gloria Langer, Werner Ladewig, Jan Fourie en Wilfred Chivvell. Voor van links: Tronel Meintjies, Elizbe Visagie, Carmen Titus, Mary Faure, Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Meaghan McCord, Dr Millie Rink en Florentia Radebe. Afwesig: Belinda Groenewald

verknorsing van die behoeftiges deel wat op die doeltreffendste en volhoubaarste manier tot hul redding kom.

- Dit is moontlik om 'n impak op die toekoms te hê deur in kinders te belê: Danksy die nalatenskap van skoolhoofde Werner Ladewig (Hermanus Hoër) en Tommy Wilson (Gansbaai Academia), gaan gesonde onderwysstrukture in die toekoms die las ligter maak vir diegene aan wie die vorming van die jeug opgedra is, terwyl NRO's soos STAR op hulle beurt help om jongelinge wat leerprobleme ervaar, toe te rus sodat ook hulle sulke opvoedkundige fasiliteite ten beste kan benut.

### WENNERS

Vanjaar se drie kategorieë was: Die Burgemeesterstroeë vir Omgewingsbewaring, Vrou van die Jaar-toekening en erkenning vir Uitnemende Prestasies.

- Die uiters gesogte Burgemeesterstroeë vir Omgewingsbewaring het gegaan aan Meaghan McCord van die Suid-Afrikaanse Haai-bewaringsgebied (SASC) vir haar diepgaande studie van die marienespesies, flora en fauna wat in Walkerbaai voorkom. Hierdie trofee is toegeken onder toesig van Whale Coast Conservation, voorheen die Overstrand-bewaringstigting.

- Die merkwaardige bydrae van Overstrand se Vrou van die Jaar, Mary Faure, om Hermanus as 'n wêreldklas-toerismebestemming te bevorder in kombinasie met haar werk as koördineerder van Hermanus FynArts behoort as inspirasie te dien vir almal wat daarvan droom om berge te versit, selfs al is dit klippie vir klippie.

- Die burgemeesterstoekennings vir Uitnemende Prestasie is gemaak aan: Dr Millie Rink, Avril Nunn, Florentina Radebe, Gloria Langer, Katja Petersen, Dr Robin Lee, Jan Fourie, Tommy D Wilson en Werner Ladewig.

## KOM DEEL IN PRET BY OVERSTRAND SE SPORTFEES



Ingestel in 2009 as die Burgemeesterstroeë-toernooi, het die Overstrand-sportfees ten doel om jongelinge vanuit verskillende sportkodes die geleentheid te bied om met hulle talente te spog.

Mededingende spanne gaan mekaar weer eens op Saterdag, 5 Oktober, die stryd aansê by die sportgronde in Hawston in 'n finale rondte om te sien wie met 2013 se Burgemeesterstroeë gaan weglou.

Vanjaar word 'n nuwe dimensie egter tot die Overstrand-sportfees gevoeg: Vir die eerste keer gaan gestremde atlete ook die geleentheid gegun word om mee te ding.

Sportkodes wat aan vanjaar se items deelneem, sluit in rugby, sokker, krieket, netbal en atletiek.

Skakel Ayanda Stali by 083 426 2826 vir verdere besonderhede.

## KEN JOU VERORDENINGE

'n Paar maande gelede is die Zwellihle-straatkomiteeprojek ter bevordering van 'n veilige en gesonde omgewing van stapel gestuur. Een van hierdie projek se eerste doelwitte was om komiteelede met die Munisipaliteit se verordeninge vertrouwd te maak.

Noudat hulle hul opleiding suksesvol voltooi het, sal die 105 straatkomiteelede in die toekoms in staat wees om kwessies soos vandalisme, dronk- en wanordelike gedrag en raserige musiek op ongehoorde ure in die township te behartig. Indien die lede nie self 'n kwessie kan bylê nie, sal hulle die polisie en wetstoepassers om hulp vra eerder as om die wet in eie hande te neem.

Opleiding in noodhulp en die blus van vure gaan spoedig volg, en die projek sal ook in die nabye toekoms in meer areas binne Zwellihle sowel as in Kleinmond ontplooi word.

Tydens 'n seremonie wat op 29 Augustus in die munisipale auditorium gehou is, het elk van die straatkomiteelede 'n sertifikaat van Munisipaliteit Overstrand ontvang.

## IOK-TOEKENNING VIR GANSBAAI-SPORTKOMPLEKS

Tydens die raadsvergadering in Augustus, is 'n diploma aan Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie oorhandig wat by die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) se 15de internasionale konferensie "Sport vir Almal" - gehou vanaf 24-27 April 2013 in Lima, Peru - deur die IOK aan Gansbaai se Spaces for Sports-sentrum toegeken is.

Dit tesame met 'n toekenning kom as erkenning vir die uitmuntende bydrae wat die sentrum lewer ter bevordering van die ontwikkeling van die IOK se "Sport vir Almal"-inisiatiwe.

Die Gansbaai-sportsentrum is in 2007 gebou as 'n vennootskapprojek tussen Barclays/ABSA, Munisipaliteit Overstrand, die Premierliga, Grootbos-stigting en die Departement van Kultuursake en Sport. Hierdie vennootskappe lê die sukses van die terrein ten grondslag en dien as 'n uitstekende praktiese model vir soortgelyke projekte oral in die wêreld.

Spesiale krediet kom Munisipaliteit Overstrand toe vir die onberispelike instandhouding en gesonde bestuur van die sentrum onder leiding van Sentrum-bestuurder Carol Devitt en Areabestuurder Kat Myburgh.

## WAGTE NOU BEHOORLIK GESKOOL IN KLIËNTESORG EN BESIENSWAARDIGHEDE



Die groep parkeerwagte in die geselskap van Soli Madikane (Direkteur: Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme), Suné Greeff (Bestuurder: Toerisme), Adinda Jantjies (Toerismebeaampte) en Michelle Botha (OTI-opleier/fasiliteerder)

Op 4 en 5 September het Hermanus se 36 parkeerwagte 'n tweedag-kursus in kliëntesorg bygewoon en 'n opvoedkundige toer meegemaak, alles danksy die vriendelike vergunning van Munisipaliteit Overstrand se Departement Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme.

Die Overstrand-opleidingsinstituut (OTI) het die kursusmateriaal aangebied. Met 'n duidelike klem op kliëntesorg en die bou van verhoudinge, was die oorhoofse oogmerk om die kursusgangers te motiveer en te bemagtig om duidelik en bondig te kommunikeer met diegene aan wie hulle 'n diens lewer.

Benewens 'n fokus op die voordele wat die lewering van goeie kliëntediens inhou, het die instruktors hulle daarop toegespits om die

wagte touders te maak in positiewe interaksie met hulle kliënte, in die besonder:

- Hoe om kliënte en die algemene publiek te groet en te verwelkom en hulle te hanteer
- Hoe om stresvolle situasies die hoof te bied, d.w.s. ontevrede kliënte
- Hoe om 'n kliënt in nood van hulp te wees

Ontseeglik moet Overstrand se parkeerwagte egter ook al te dikwels die rol van 'nie-amptelike toeristegids' vervul. Om hierdie rede, en met die vriendelike ondersteuning van Overstrand-toere, het die tweedag-kursus ook 'n begeleide toer van Hermanus ingesluit wat daarop gemik was om die wagte se bewustheid van die area se ryk kulturele en historiese waarde op te skerp.

### Gehalte van finale uitvloeisel by rioolsuiweringswerke April | Junie 2013

Beskrywing van toets	Eenheid	DWA General Authorisation Standard	Gemiddelde toetsresultate van finale uitvloeiselmonsters vir:				
			Gansbaai	Hawston	Hermanus	Kleinmond	Stanford
pH	(pH)	5.5-9.5	5,9	7,4	7,4	7	7,3
Besinkbare stof	(ml/l)	-	0,1	0,1	0,1	0,1	0,1
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	141	163	214	86	124
Fekale koliforme bakterie	(count/100ml)	1000	0	810	698	1216	321
Chemiese suurstofvraag	(mg/l)	75 Max	32,6	49,7	61,5	42,7	33,1
Ammoniakstikstof	(mg/l as N)	6 Max	0,2	10,7	2,4	2,6	7,1
Nitraatstikstof	(mg/l as N)	15 Max	11,3	2,4	2,5	18,1	5,3
Nitriestikstof	(mg/l as N)		0,1	0,1	0,1	0,1	0,1
Totale swewende vaste stowwe	(mg/l)	25 Max	5,7	6,7	5,3	4,3	5,3
Orto-fosfaat	(mg/l as P)	10 Max	3,8	5,1	4,7	5,7	4,8

### Drinkwaterkwaliteit April | Junie 2013

Beskrywing van toets	Eenheid	Standaard per SANS 0241 Klas I 5.0-9.5	Standaard per SANS 0241 Klas I 4.0-10.0	Gemiddelde toetsresultate van drinkwatermonsters vir:									
				BR	KM	HM	SF	GB	DK	PB	BB	BBJ	BBJ
pH	(pH)			8,3	8,4	8,0	7,6	8,2	6,9	8,0	6,3	7,4	
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	<150	150-370	35,6	28,1	43,9	67,5	121,7	41,6	53,5	38,5	<150	
Troebelheid	(NTU)	<1	1-5	0,04	0,4	0,5	0,2	0,3	0,2	0,2	1	0,5	
Kleur	(mg/l as Pt)	<20	20-50	7,7	7,7	8,3	5,0	12,3	4,0	9,0	136,7	3,3	
Kalsium	(mg/l as CaCO <sub>3</sub> )	<150	150-300	2,6	12,0	8,1	57,0	9,1	58,9	14,4	23,7	<150	
Fluoried	(mg/l as F)	<1,0	1,0-1,5	0,10	0,60	0,10	0,10	0,60	0,10	0,10	0,20	<1,0	
Totale opgeloste vaste stowwe	(mg/l)	<1000	1000-2000	292	216	317	488	845	310	372	275	<1000	
Yster	(µg/l as Fe)	<200	200-2000	12,7	16	91	15,3	24,7	10	18,3	70	10	
Mangaan	(µg/l as Mn)	<100	100-1000	40	40	40	40	40	40	40	40	40	
Aluminium	(µg/l as Al)	<300	300-500	126	101	151	106	129	14	103	154	20	
E.coli	(telling/100ml)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	

BR: Buffelsrivier KM: Kleinmond HM: Hermanus SF: Stanford GB: Gansbaai DK: De Kelders PB: Pearly Beach BB: Baardsekerdersbos BJB: Buffeljagsbaai

## OAK SE OKTOBER-KONSERTE

Saterdag, 12 Oktober, gaan die alombekende Stellenbosch LIBERTAS-KOOR om 19:00 in die NG Kerk Hermanus optree.



Sondagmiddag, 20 Oktober, gaan die jong Jan Hugo, wener van UNISA se vierde nasionale klavierkompetisie in 2011, 'n uitvoering om 15:30 in die Auditorium lewer.

Kaartjies kos R100 (R50 vir studente). Skakel BEL-LINI by 028 312 4988 vir besprekings. Rig ander navrae aan sekretaresse, Renée du Plooy, by 082 940 4238.